



Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Op pad met mekaar

Rein van hart en vredemakers

Verhoudings – dit is waaroor die lewe gaan – ’n verhouding met God, met jouself, met ander en met dié wêreld. Tog is dit terselfdertyd dit waarmee ons die meeste sukkel. Hoe meer ons gekonnekteer is deur al die webwerwe en sosiale media, asook al die inligting waaroor ons beskik, hoe groter raak die behoefte aan ’n in diepte verhouding met God, myself, ander en die wêreld.

“Spirituality is recognizing and celebrating that we are all inextricably connected to each other by a power greater than all of us, and that our connection to that power and to one another is grounded in love and compassion. Practicing spirituality brings a sense of perspective, meaning and purpose to our lives.”

Jesus sê: Gelukkig is die wat rein (suiwer) van hart is, want hulle sal God sien. ’n Mens dien God óf met ’n verdeelde hart óf met ’n onverdeelde hart, dit wil sê ’n rein (suiwer) hart. Hulle sal God sien. Hul verlange na God sal beantwoord word. Hulle sal ’n in diepte verhouding met God ervaar.

Wanneer Hy sê: Geseënd is die vredemakers, praat Hy nie net oor mense wat poog om kwaai gevoelens uit die weg te ruim nie. Dit sluit eerder aan by die bekende Hebreeuse begrip, *shalom*, wat die gedagte van heelmaak bevat.

Vredemakers is mense wat helend op mekaar inwerk en wat die heelyd wonder: Wat kan ek wees/doen om heling te bevorder? Hulle sal kinders van God genoem word. Wat ’n wonderlike voorreg om op die pad met mekaar ’n vredemaker te kan wees.



Sondag 10 Februarie

Op pad met mekaar

Matt 5:5 en 7

08:00 Meditatief	Willie Goosen
08:00 Klassiek (doop)	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief	Willie Goosen
09:30 Informeel	Hannes Theron
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Paul Barnard
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Deurkollekte: kanga&roo



WiFi

Aanteken - NG-Guest

Wagwoord - h3FSyMH!

Sondag 17 Februarie Nagmaal

Op pad met mekaar

Matt 5:8-9

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:00 Klassiek	Paul Barnard
09:30 Meditatief	Danie O'Kennedy
09:30 Informeel	Lizette Louw
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Danie Möller
10:00 HB Village	Paul Barnard
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Bid saam met ons vir die volgende:

Helene Swart - kanker
Desiré Groenewald - kanker
Fanie Schoeman - kanker
Sarel du Toit - kanker,
beenmurgoorplanting
Ria Sass - heupoperasie
Danie Schoeman - hospitaal
Botha Marais - herstel na
operasie
Bernard en Marike Visser se
baba, Carina (8 mnde), is baie
siek

Deodi Fourie - herstel na
breinoperasie
Paul en Michelle Swanepoel -
ernstige gesondheidsprobleme
Van Zyl Siebert - kanker
Kerneels Erasmus -
voetoperasie
Faan van der Westhuizen -
twee ernstige rugoperasies
Evi van der Merwe –
kankerbehandeling, bid
asseblief dat sy die behande-
ling kan hanteer.

Paul van Staden, Isella van der
Walt se pa - dementia en in
hospitaal na heupvervang-
ingsoperasie. Bid asb vir her-
stel en kalmte in sy toestand.
Hennie Albertyn - beroerte en
ernstig siek
Brenda Gericke -
skoueroperasie

Rou:

Ons dink aan Hannes
Schoeman wat oorlede is se
vrou Luné en hul dogtertjie
Lilla-Mari.

Dagboek

14 Februarie - Kursus

GriefShare, Divorce Care, Single&Parenting en DivorceCare4Kids begin om 17:30 in die Tent. Kontak Annette Botha by harmonyhelderberg@gmail.com.

17 Februarie - Nagmaal

Daar sal 'n nagmaalkuier na die dienste in die Tent wees.

22 Februarie - Gemeentebraai

Lees meer op bladsy 4

26 Februarie - Kerkraadsvergadering

In die Kapel om 19:00, almal is welkom

6 Maart - Aswoensdag

18 Maart - Phuket-uitreik

Span vertrek na Phuket

13 April - Herfsmakietie

Kontak louise@nghelder.co.za vir meer inligting



Die volgende ouerpare doop op 10 Februarie:

Klassieke diens

Conrad en La-Rissa de Jager met Tatum

Johann en Annette Gerber met Anina



Liewe dagboek

Die week:

Dinsdag 12 Februarie

06:00 Kom bid saam - Tent

Woensdag 13 Februarie

19:00 Doopgesprek

Donderdag 14 Februarie

08:45 Bybelstudie - Kapel

18:45 Kantory oefen

Nagmaal

Sondag **17 Februarie** vier ons, ons eerste nagmaal vir die jaar en ons wil dit 'n spesiale geleentheid maak met 'n heerlike broodkuier na die dienste in die Tent. As jy kans sien om vir 'n vars gebakte brood of 'n botteltjie konfynt te sorg, kontak ons gerus by hellohelderberg@gmail.com.

Gebed vir die week:

Here, ons Vriend. U nooi ons elke dag uit om die pad saam met U te loop. Help ons om U hand te vat, hierdie uitnodiging te verwelkom en te week in U liefde. Amen.

Kom kuier saam

Wat is nou lekkerder as 'n aand onder die sterre met die reuk van braaivleis en die klank van vrolike stemme? Op Vrydag **22 Februarie** maak ons so en skop ons Jubeljaar af met 'n heerlike gemeentebraai.



Nooi jou vriende, omgegroepe en buurman saam. Dit is kans om mekaar beter te leer ken en vir nuwelinge om in te skakel. Kinders is ook meer as welkom – daar sal later die aand 'n fliek in die Tent vir hulle gewys word.

Die vure sal vanaf 18:00 in die parkeerterrein voor die kapel gereed wees. Bring jou eie braaivleis, rooster en braaitang saam, asook 'n mandjie met eetgerei en drinkgoed. Om dinge makliker te maak sal daar 'n vuur met aangestelde braaiers wees om die te help wat nie self braai nie. Daar sal ook slaai, boereworsrolle en poeding te koop wees.

Kom geniet die aand saam met ons. As jy iets vir die slaai of poedingtafel wil maak, kan jy jou naam by Ontvangs gee.

Aanbidding het jou nodig

By elke erediens is daar 'n klomp mense wat agter die skerms betrokke is by die praktiese reëlings van die diens. Dit is meestal lidmate wat vrywillig hul tyd en talente aanbied. Ons benodig tans:

- Levi's by die klassieke diens om te help met die verwelkoming by die deure, die opneem van kollekte en nagmaal bediening.
- Persone om die *PowerPoint* tydens die klassieke dienste te hanteer (geen ervaring nodig)



Die Aanbiddingbediening het jou regtig nodig. Vir navrae kontak Corneille by aanbidding@nghelder.co.za of meld aan by Ontvangs.

Raak deel van 'n groep

helloHELDERBERG

Ons is besig om kleiner groepe mense by mekaar te bring en so kan ons help om mekaar beter te leer ken. Daar is lyste in die Tent waar jy jou naam kan opskryf en aandui waarin jy belangstel bv fotografie, kunstgroep, leesklub, staggroep en vele meer.

Enige persoon wat 'n klub of groep wil begin of belangstel om deel van een te raak kan ons kontak by hellohelderberg@gmail.com

Kom raak deel hiervan om nuwe verhoudinge te help skep.

Versorgingsfonds sê dankie

Elke mens wat 'n bydrae vir een of ander saak maak, verwag tog dat daar 'n sekere opbrengs sal wees. Of terugvoering. Of net dankie.



As ons terugkyk oor die jare wat verby is, dan kan ons nie anders nie as om **baie dankie** te sê vir elkeen wat die Versorgingsfonds ondersteun het en nog steeds ondersteun. Julle sal nooit kan dink hoeveel julle ondersteuning beteken en watter opbrengs julle “belegging” opgelewer het nie.

Omdat ons nie eintlik die regte woorde het om ons dank en veral die van die ontvangers, uit te spreek nie, kan ons nie beter doen as om te kyk wat Paulus aan die Korintiërs skryf in 2 Kor.9: 6 – 15.

Hy gebruik saaiery as voorbeeld en dat die gewer ook 'n opbrengs kan verwag van wat hy gegee het. Volgens Paulus sal dit die volgende vorme aanneem:

- God sal steeds voorsien ten opsigte van hulle materiële behoeftes (9:10)
- Hoe meer hulle gee, hoe meer sal hulle hê om te gee (vs 10)
- Die voorreg en geleentheid om te gee is opsigself alreeds deel van die gewer se seën-opbrengs, aangesien hy op die manier deelkry aan die genadige werking van God. Die bydraers is reeds geseën omdat hulle genoeg het om te kan gee.(9:11-13)
- God sal vanweë hulle gedank en verheerlik word(11-13)
- Die Judese gelowiges (die ontvangers) sal vir hulle bid en met toegenentheid aan hulle dink (9:14). So sal dit die gemeenskap van die gelowiges (9:13) deel aan die seën wat die gewers uit die projek sal put. Die verhoring van die gebede van die skenkers sowel as die van die ontvangers, sal derhalwe vir almal tot seën wees.

Baie dankie dat julle kanale van God se genade is.

Navrae: Hennie Smit hwjsmit@gmail.com

Het jy 'n storie of 'n foto van Helderberg oor die afgelope 50 jaar? Stuur dit na kommunikasie@nghelder.co.za

Seniorsorg

Seniorsorg se betrokke ouetehuse het 'n wenslysie vir ons gestuur. As jy dalk op enige manier weet van beskikbaarheid van hierdie items kan julle vir Ina kontak by 082 578 9893 of Riana by 084 909 1159.

Vir die Alzheimer pasiënte - groot Lego-blokkies en grootstuk legkaarte. Die ou bloeddrukapparaat (nie elektries nie) se suikertoetsmonitors met Hemoglobien stokkies.



kanga&roo

Wanneer die maatskaplike werker bel...

Heidelberg
UITREIK

kanga&roo



Wanneer die maatskaplike werker bel, is dit soms 'n oproep waarvoor 'n kanga-mamma gereed is. Die

doekesak is gepak met die basiese benodighede om 'n splinternuwe lyfie uit die hospitaal te ontslaan en huis toe te bring. Dan kom die oproep uiteindelik! Vir 'n rukkie gaan jy 'n middel-mamma wees vir 'n babatjie wat wag op aanneming.

Soms is die oproep egter onverwags.

Maatskaplike werker: "Ek besef julle is nie eintlik nou beskikbaar om 'n baba in te neem nie, maar ons het geen ander plek vir haar nie." Dan dink jy aan Josef, wat aan wie weet hoeveel herberge se deure geklop het, voordat hy uiteindelik 'n oop deur gekry het waar hy 'n veilige lêplekkie kon voorberei vir die Baba wat Maria dra. Dan besluit jy in jou hart: "Vandag gaan ek nie die een wees wat 'n baba by die deur van my herberg wegwys nie." Jy begin skarrel om al die babagoed wat weggepak was uit te haal. Jy tref die winkels met 'n spoed vir formule melk en doeke. Jy het nie weke om voor te berei nie, jy moet die baba môre gaan haal!


Wat ook al die scenario, kanga-ouers maak plek in hul huise en harte om die mees kwesbaarstes in die samelewing in te neem en lief te hê – meestal ten koste van hulself. Nie net fisies en emosioneel nie, maar ook finansiële.

Die kanga&roo-projek het twee jaar gelede ontstaan om Tydelik Veilige Sorg-ouers, of kanga-ouers, finansiële by te staan met die voorsiening van formule melk, weggooidoeke en *baby wipes*. Ongeveer 70 babas het gedurende 2018 by die projek baatgevind.

Só skryf sommige van die dankbare kanga-mammas:

Ons is nuwe kanga-ouers en ons is uiteindelik by 'n welsynsprojek wat ons gesin perfek pas. Ons reis het baie jare terug begin en deurentyd was een van die groot struikelblokke finansies. In 'n gesin met vier kinders is daar min te spaar. In 'n tyd wat basiese produkte soos doeke en melk so duur geraak het is dit wonderlik dat die kanga&roo-projek ons kan help. Ons waardeer die finansiële ondersteuning opreg en dit maak 'n groot verskil aan ons begroting. Baie, baie dankie dat julle ons taak so makliker maak.

- **Elana Lategan**



Na my man in 2016 afgelê is, het dit vir ons finansiële onmoontlik gelyk om kanga-ouers vir 'n baba te kan wees. Ons het begin Feb. 2018 in geloof ja gesê toe hulle ons bel om 'n baba in te neem en het net gevoel dat om in te stem, ons die vyand nie toegang gee om veiligheidssorg van 'n baba te steel nie. 2018 was ons jaar van Hoop, ons baba "Hope" was vir amper 10 maande in ons sorg en is einde Nov. deur Hollanders aangeneem. Ons sou nie die ekstra finansiële uitgawes van 'n baba kon bybring as dit nie vir die Kanga&roo-projek was nie. Ons waardeer die projek se finansiële hulp ongelooflik baie.

- **Karin Senekal**

Finansiële bydraes kan gemaak word by Helderberg Uitrek, verwysing: kanga&roo.

Formule melk (Lactogen 1 en Infacare 1), weggooidoeke (Huggies/Pampers no 0- 4) en *baby wipes* (enige soort) kan by die kerkkantoor afgegee word.

Baie dankie vir elkeen wat bydra sodat die kanga-ouers kan fokus op die liefhê en versorging van die babas en nie op die finansiële las wat daarmee saamgaan nie.

Projekleier:

Tania Schultz

info@kidsxpress.org

084 717 0660

021-852 8645

*Foto krediet: Salomé Coetzee
Photography*



Helderberg
UITREIK

Internasionale studente bediening

Friends of All Nations Stellenbosch

Daar is 'n Engelstalige erediens vir internasionale studente Sondae om 10:30 in die Khaya langs die Kruiskerk. Suid-Afrikaners is ook baie welkom om die multi-kulturele erediens te besoek.

'n Ondersteuningsgroep vir vroue van internasionale studente word gehou op Dinsdae om 10:00 in die Khaya. Gee asb die inligting aan nuwe internasionale studente op kampus.

Kontak Jurie Goosen by 083 2355 920 of stuur epos na: goosens@isales.co.za vir meer inligting.

**Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede**

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg NG Gemeente

021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za


**Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A**

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Kerkkantoorure

Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

 SnapScan

 SnapScan



Helderberg Gemeente

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansiell en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds



**Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede**

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*